higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 2

(3011002)

4 Desember 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en ‘n 17-bladsy-antwoordboek.

542Q1N2304

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf word.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Geen bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
5. Gebruik die tabel hier onder as riglyn vir hoeveel tyd om aan die beantwoording van elke vraag te spandeer.
6. Toon alle berekenings.
7. Skryf netjies en leesbaar.

VRAE	ONDERWERPE	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1	Meerkeusevrae	20	18 minute
2	Kort teoretiese vrae	30	27 minute
3	Berekenings	30	27 minute
AFDELING B			
4	Joernale	40	36 minute
5	Oorboeking na algemene grootboek	30	27 minute
6	Finale rekeninge en balansstaat	30	27 minute
7	Invloed op die rekeningkundige vergelyking	20	18 minute
	TOTAAL	**200**	**3 uur**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n … is 'n voorbeeld van 'n diensonderneming.

A Groothandelaar
B Vermaaklikheidsonderneming
C Bakkery
D Landbouplaas

1.1.2 Die dubbelinskrywing vir bankkoste betaal, word soos volg opgeteken:

A Debiteer bankkoste en krediteer die kasboek.
B Debiteer bankkoste en krediteer bankstaat.
C Krediteer bankkoste en debiteer die kasboek.
D Krediteer bankkoste en debiteer bankstaat.

1.1.3 'n … -instelling ontvang skenkings ten einde sy finansiële sake te kan bedryf.

A Party
B Groep
C Nie-wins
D Staatsdiens

1.1.4 'n … word opgestel om te verseker dat die dubbelinskrywingsbeginsel korrek toegepas is

A Grootboekrekening
B Proefbalans
C Inkomstestaat
D Bankstaat

1.1.5 'n Voorbeeld van 'n bedryfslas is 'n …

A debiteur.
B rekenaar.
C verbandlening.
D bankoortrekking.

1.1.6 Die wins op 'n item wat vir R1 244 gekoop en vir R2 425 verkoop word, is …

A R3 669.
B R3 241.
C R1 181.
D R1 321.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Indien die kasboek totale betalings van R7 420 en totale ontvangste van R10 110 het, is die saldo wat aan die einde van die maand oorgebring word, …

A R10 110.
B R17 530.
C R4 730.
D R2 690.

1.1.8 'n … is een van die brondokumente wat gebruik word om transaksies in die kasboek op te teken.

A Duplikaatkwitansie
B Kleinkasbewys
C Oorspronklike kwitansie
D Oorspronklike belastingfaktuur

1.1.9 Voertuigherstelwerk en -instandhouding is 'n … -rekening.

A bate
B uitgawe
C inkomste
D laste

1.1.10 Die eienaar deponeer R90 000 in die sakerekening as die kapitaalbydrae.

Watter uitwerking sal hierdie transaksie op die rekeningkundige vergelyking hê?

A Bates daal
B Laste daal
C Eienaarsekwiteit daal
D Eienaarsekwiteit styg

1.1.11 Die dubbelinskrywing vir wanneer 'n voertuig kontant vir die onderneming gekoop word, is …

A debiteer bank en krediteer voertuie.
B debiteer voertuie en krediteer bank.
C debiteer krediteure en krediteur voertuie.
D debiteer voertuie en krediteer krediteurekontrole.

1.1.12 Indien die waarde van bates R189 300 is en die waarde van die eienaarsekwiteit R104 700, sal die waarde van die laste … wees.

A R294 000
B R84 600
C R204 000
D R86 400

Kopiereg voorbehou

1.1.13 Wanneer ‘n onderneming se uitgawes meer as die netto wins is, word ‘n … gemaak.

A daling
B wins
C verlies
D styging

1.1.14 Nadat transaksies in die joernale opgeteken is, is die volgende stap in die rekeningkundige siklus om …

A die brondokumente te voltooi.
B die finansiële state op te stel.
C ‘n proefbalans op te stel.
D die totale na die algemene grootboek oor te boek.

1.1.15 Die eienaars van ‘n maatskappy word die … genoem.

A aandeelhouers
B vennote
C lede
D direksie

1.1.16 Rekeningkunde kan beskryf word as die …

A onderneming se besittings en skuld.
B onderneming se totale netto waarde.
C daaglikse optekening van transaksies in ‘n onderneming.
D verhandeling van goedere en dienste in ‘n onderneming.

1.1.17 ‘n Joernaalbewys is ‘n … dokument.

A stawende
B duplikaat-
C interne
D eksterne

1.1.18 Die bankstaat is ‘n … dokument wat in ‘n onderneming gebruik word.

A interne
B stawende
C duplikaat-
D grootboek-

1.1.19 Suid-Afrikaanse inkomstebelastingwette vereis van ondernemings om hulle dokumente vir minstens … te hou.

A tien jaar
B ses maande
C een jaar
D vyf jaar

Kopiereg voorbehou

1.1.20 ‘n Debiteur se betaling sal in die … -joernaal opgeteken word.

A debiteurekortings
B kontantbetalings
C debiteure
D kontantontvangste

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1 ‘n Maandelikse … wat al die transaksies wat gedurende die maand plaasgevind het weerspieël, word opgestel en aan klante gestuur.

2.1.2 Die regstelling van ‘n fout in die grootboek word in die … joernaal gedoen.

2.1.3 Die ouderdomsontleding … -dae-kolom dui die huidige maand se aankope aan.

2.1.4 Kredietaankope van handelsvoorraad word in die … ingeskryf.

2.1.5 … word gehef op rekeninge waarvan betaling agterstallig is.

(5 × 1) (5)

2.2 Noem die afdeling in die proefbalans waarin die volgende grootboekrekeninge geplaas sal word:

2.2.1 Slegte skuld

2.2.2 Grond en geboue

(2 × 1) (2)

2.3 Kies ’n item/term/beskrywing uit KOLOM B om by ’n item/term/beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (2.3.1–2.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.3.1	Saldo’s wat in die krediteuregrootboek opgetel word, is gelyk aan hierdie rekening.	A	dividende
		B	netto wins
2.3.2	Kontantvloei is ‘n voorbeeld van hierdie konsep.	C	vennootskap
2.3.3	Aandeelhouers ontvang hierdie betaling.	D	niebedryfsbate
2.3.4	Eienaarskap is tussen 2 en 20 individue.	E	krediteurekontrole
2.3.5	Bruto wins plus ander inkomste minus uitgawes.	F	beslote korporasie
		G	bedryfsbate

(5 × 1) (5)

2.4 Verduidelik die volgende terme. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.4.1–2.4.4) in die ANTWOORDBOEK NEER.

2.4.1 Debiteur

2.4.2 Krediteur

2.4.3 Debiteure-ouderdomsontleding

2.4.4 Niebedryfslas

(4 × 2) (8)

2.5 Bestudeer die volgende brondokument en beantwoord die vrae wat volg:

DEBIETNOTA **VOOMA VEG BK**



No.: DN90

Datum: 27 Junie 2022

Aan: Super Boxer Stores, 21 River Bend, Kei, 0002

Hoeveelheid	Beskrywing	Prys per eenheid	Totale bedrag
10 sakke	Kool	R50 per sak	R500
5 bokse	Patats	R200 per boks	R1 000
Rede vir terugsending: Verkeerde bestelling groete afgelewer.			

2.5.1 Identifiseer die verskaffer aan wie die items teruggestuur word. (1)

2.5.2 Bereken die waarde van die items wat teruggestuur word. (2)

2.5.3 Is hierdie debietnota 'n *interne* of *eksterne* dokument? (1)

2.5.4 Sal die debietnota-inskrywing op die debiet- of kredietkant van die krediteuregrootboek gemaak word? (1)

2.6 Dui aan watter kant van die proefbalans die algemenegrootboekrekeninge hier onder sal verskyn, d.w.s. die debiet- of kredietkant, in die ANTWOORDBOEK en merk die relevante kolom met 'n X.

ALGEMENEGROOTBOEKREKENING	Debiet	Krediet
Byvoorbeeld: Kapitaal		**X**
Bank (gunstig)		
Versekering		
Lening: Planet Bank (11%)		
Meubels		
Rente op lopende rekening		

(5)

[30]

VRAAG 3

3.1 Beantwoord die volgende vrae. Toon al jou antwoorde tot TWEE desimale in die ANTWOORDBOEK.

3.1.1 Bereken die rente betaalbaar op 'n uitstaande bedrag van R589,50 teen 6% rente per jaar (2)

3.1.2 Noem die joernaal waarin die rente wat jy in vraag 3.1.1 genoem het, opgeteken sal word. (1)

3.1.3 Voltooi en balanseer die bankrekening van Tutti Fruits hier onder soos op 31 Julie 2022 in die ANTWOORDBOEK:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN TUTTI FRUITS							
BANKREKENING							
Julie 1 2022	Saldo	a/b	36 345	Julie 31 2022	Totale betalings	KBJ	15 356
31	Totale ontvangste	KOJ	4 768				

(5)

3.2 Die volgende voorraad is op krediet deur 'n klant gekoop, en 'n 5%-afslag is gegee:

8 bokse bloubessies @ R277 per boks
7 bokse aarbeie @ R265 per boks

Bereken die totale bedrag betaalbaar wat na die debiteuregrootboek oorgeboek sal word. (6)

3.3 Die volgende transaksies het op Smoothie Drinks se rekening plaasgevind. Teken die transaksies in Smoothies Drinks se krediteuregrootboek vir Junie 2022 in die ANTWOORDBOEK op:

3.3.1
- Voorraad vrugte en groente vir R 935 is op 12 Junie 2022 op krediet gekoop. Faktuur FFT10 ontvang.
- Op 13 Junie 2022 is voorraad ten bedrae van R225 weens skade teruggestuur. Debietnota DFT09 is voltooi.
- Die rekening is op 25 Junie 2022 ten volle vereffen deur middel van 'n elektroniese fondsoordrag (EFT102). (8)

3.3.2 Indien afslag van 10% vir vroeë betaling op die vereffeningsbedrag in vraag 3.3.1 gegee is, hoeveel afslag sal Smoothie Drinks ontvang? (2)

Kopiereg voorbehou

3.4 Op 31 Julie 2022 is die kontant wat by Smoothie Drinks in die kasregisters ontvang is opgetel en deur Inga Moya in hul bankrekening gedeponeer, soos hier onder aangedui:

Banknote: R 6 540
Nikkel: R 950
Brons: R 55,60

Voltooi die bankdepositostrokie in die ANTWOORDBOEK. (6)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

VRAAG 4

Super Fruits Market dryf handel in vrugte en groente. Die onderneming se eienaar, G Appel, koop by produsente in Suid-Afrika. Die deurlopende voorraadstelsel word toegepas en 'n toeslag van 40% op die kosprys word gebruik.

Gebruik die inligting en brondokumente hier onder om die transaksies in Super Fruits Market se hulpjoernale vir Augustus 2022 in te skryf.

GEVRA:

Rond die bedrae af tot die naaste rand. Moenie die joernale afsluit nie.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(11)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(9)
4.3	Debiteurejoernaal	(4)
4.4	Debiteurekortingsjoernaal	(2)
4.5	Krediteurejoernaal	(6)
4.6	Krediteurekortingsjoernaal	(2)
4.7	Algemene joernaal (Geen verduidelikings vereis)	(6)

[40]

DUPLIKAATKWITANSIES:



Kwitansieno: 01
Duplikaat

Datum: 3 Augustus 2022

Ontvang van: G Appel

Betaling van: Kapitaalbydrae

Die bedrag van: Tweehonderd-en-vyftig rand alleen

AJ Pelk Dankie vir u ondersteuning.	R250 000



Kwitansieno: 02
Duplikaat

Datum: 18 Augustus 2022

Ontvang van: JFK Hassan

Betaling van: Vereffening van rekening van R3 865 – 2,5%-afslag toegestaan

Die bedrag van: **?**

AJ Pelk Dankie vir u ondersteuning.	**R ?**



Kwitansieno: 03
Duplikaat

Datum: 26 Augustus 2022

Ontvang van: Carrot King CC

Betaling van: Huur van pakhuisruimte

Die bedrag van: Vyfduisend-vyfhonderd rand alleen

AJ Pelk Dankie vir u ondersteuning.	R5 500

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

KASREGISTERROLLE:

Kasregisterrol **001**
DATUM: 6/ 08/ 2022
R 7 560
Super Fruits Market

Kasregisterrol **002**
DATUM: 17/ 08/ 2022
R 17 840
Super Fruits Market

INTERNE KANTOORMEMO'S:

INTERNE KANTOORMEMO



No: SFM 93

Datum: 12 Augustus 2022

'n Debiteur, MC Berry, is met 'n bedrag van R 930 gekrediteer, in plaas van MC Redcherry. Stel die fout reg.

Super Fruits Market AJ Pelk

INTERNE KANTOORMEMO



No: SFM 94

Datum: 22 Augustus 2022

Skryfbehoeftes ten bedrae van R 245 is verkeerdelik na die reklame-rekening oorgeboek, en moet reggestel word.

Super Fruits Market AJ Pelk

DEBIETNOTAS:

Datum	Debietnota-Besonderhede	Krediteur	Bedrag	Rede vir terugsending
19/08/2022	DN02	Stationery & Packaging Co.	R 125	Notaboeke sonder penne

Kopiereg voorbehou

TJEKTEENBLAAIE:

Datum: 01-08-2022		
Aan: Kontant		
Vir: Kontantvloei		
	R	C
Hierdie tjek	500	00
Tjekno: 001		

Datum: 03-08-2022		
Aan: Engen Oils CC		
Vir: G. Appel persoonlike gebruik – R500 Diesel – R 1 350		
	R	C
Hierdie tjek	1 850	00
Tjekno: 002		

Datum: 16-08-2022		
Aan: Outspan Fruits Ltd		
Vir: Handelsware – R 5 870 Trollietoerusting – R3 420		
	R	C
Hierdie tjek	9 290	00
Tjekno: 003		

Datum: 29-08-2022		
Aan: Green Box CC		
Vir: Rekening betaal en afslag van R260 ontvang		
	R	C
Hierdie tjek	4 180	00
Tjekno: 004		

DEPOSITO'S:

FUSION BANK Duplikaat **Depositostrokie D01**

Datum: 6 Augustus 2022

Krediteer: Super Fruits Market		Rand	Sent
	Totale kontantbedrag	7 560	00
AJ PELK Deponeerder se handtekening	Tjeks - Trekker		
	1. G APPEL	250 000	00
	2.		
7 0 6 1 2 6 4 7 0			
Rekeningnommer:	**TOTALE DEPOSITO :**	257 560	00

Kopiereg voorbehou

FUSION BANK **Duplikaat** **Depositostrokie: D02**

Datum: 18 Augustus 2022

Krediteer: Super Fruits Market		Rand	Sent
	Totale kontantbedrag	17 840	00
AJ PELK Deponeerder se handtekening	Tjeks - Trekker		
	1. JFK HASSAN	?	
	2.		
7 0 6 1 2 6 4 7 0 Rekeningnommer:	**TOTALE DEPOSITO :**	?	

FUSION BANK **Duplikaat** **Depositostrokie: D03**

Datum: 26 Augustus 2022

Krediteer: Super Fruits Market		Rand	Sent
	Totale kontantbedrag	0	00
AJ PELK Deponeerder se handtekening	Tjeks - Trekker		
	1. CARROT KING & SONS	5 500	00
	2.		
7 0 6 1 2 6 4 7 0 Rekeningnommer:	**TOTALE DEPOSITO :**	5 500	00

OORSPRONKLIKE KREDIETAANKOOPFAKTURE:

O.r.g.a.n.i.c Farms

ORSPRONKIKE KREDIETFAKTUURno. OF01

Datum: 9 Augustus 2022

Rekeningno. OFX57

Aan: Super Fruits Market
Adres: Boulevard Road 46, Greenburbs, 5000

Hoeveelheid	Beskrywing	Prys - elk	Bedrag
200 sakke	Nawellemoene	R26	R 5 200
130 sakke	Koninginpynappels	R110	R14 300
		GROOTTOTAAL	R19 500



STaTIONERY & PaCKING CO.



OORSPRONKLIKE kredietfaktuur no. SP01
Datum: 17 Augustus 2022
Rekeningno. SP32

Aan: Super Fruits Market
Adres: Boulevard Road 46, Greenburbs, 5000

Aantal	Besonderhede	Prys	Bedrag
20	Notaboeke met pen	R25	R 500
25 bokse	Ekoverpakkingsakke – groot	R50	R1 250
		TOTALE BEDTAG	R 1 750

Wheelz & Dealz

Specializing in delivery trucks



OORSPRONKLIKE BELASTINGFAKTUUR NO. WD67

Datum: 26 Augustus 2022

Rekeningno. SF003

Aan: SUPER FRUITS MARKET

Adres: Boulevard Road 46, Greenburbs, 5000

Aantal	Besonderhede	Prys	Bedrag
1	2017 Gebruikte verkoelde afleweringsvoertuig	R400 000	R400 000

Kopiereg voorbehou

DUPLIKAATKREDIETVERKOOPSFAKTURE:

SUPER FRUITS MARKET



DUPLIKAATBELASTINGFAKTUUR NO: SFM01

Datum: 4 Augustus 2022 Rekeningno. SS1

Aan: Deli On Main
Adres: Chamber Center 36, Village Green, 5000

Aantal	Beskrywing	Prys	Bedrag
10 bokse	Tamaties	R 200 elk	R2 000
20 bokse	Rooi Appels	R 175 elk	R3 500
		TOTALE BEDTAG	R5 500

SUPER FRUITS MARKET



DUPLIKAATBELASTINGFAKTUUR NO: SFM02

Datum: 14 Augustus 2022 Rekeningno. SS2

Aan: Cherry On Top
Adres: Fast Lane 102, Eco Estates, 6000

Aantal	Beskrywing	Prys	Bedrag
50 sakke	Kool	R 100 elk	R 5 000
150	Blou Pampoen	R 16 elk	R 2 400
		TOTALE BEDRAG	R 7 400

Kopiereg voorbehou

KREDIETNOTAS:

SUPER FRUITS MARKET ***KREDIETNOTA***

NO: *C22*



17 Augustus 2022

Rekeningno. SS2

Aan: Cherry On Top
Adres: Fast Lane 102, Eco Estates, 6000

Aantal	**Beskrywing**	**Prys**	**Bedrag**
20	Wit Pampoen	R 16 elk	R 320
REDE: Verkeerde variëteit pampoen gelaai			
		TOTALE BEDRAG	R 320

VRAAG 5

Gebruik die volgende inligting uit Fruit Lover's Basket se boeke op 31 Augustus 2022 en voltooi die algemenegrootboekrekeninge wat in 5.1–5.5 hier onder aangedui word, in die ANTWOORDBOEK:

5.1 Handelsvoorraad (7)

5.2 Debiteurekontrole (Balanseer die rekening) (9)

5.3 Krediteurekontrole (Balanseer die rekening) (8)

5.4 Afslag ontvang (3)

5.5 Bankkoste (3)

Verdere inligting:

Die *beginsaldo's* vir die volgende algemenegrootboekrekeninge van Fruit Lover's Basket op 1 Augustus 2022 is soos volg:

Algemenegrootboekrekening	**Rand**
Debiteurekontrole	7 540
Krediteurekontrole	4 680
Afslag ontvang	2 420
Bankkoste	3 140

Kopiereg voorbehou

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL **KOJ1**

Bank	Verkope	Koste van Verkope	Debiteure-kontrole	Afslag Toegestaan	Diverse Bedrag	Besonderhede
62 730	45 200	25 500	7 390OS	360	1 975 8 525	Rente-inkomste Huurinkomste

KONTANTBETALINGSJOERNAAL **KBJ1**

Bank	Handelsvoorraad	Kleinkas	Krediteurekontrole	Afslag Ontvang	Diverse Bedrag	Besonderhede
31 460	19 250	1 000	6 780	760	4 060 1 130	Lone Bankkoste

DEBITEUREJOERNAAL **DJ1**

Dok.	Dag	Debiteur	Debiteurekontrole	Verkope	Koste van Verkope
		Totale	12 240	12 240	6 120

DEBITEUREKORTINGSJOERNAAL **DKJ1**

Dok.	Dag	Debiteur	Debiteurekontrole	Debiteurekortings	Koste van Verkope
		Totale	2 730	2 730	1 500

KREDITEUREJOERNAAL **KJ1**

Dok.	Dag	Krediteur	Krediteurekontrole	Handelsvoorraad	Drukwerk	Diverse Bedrag	Besonder hede
		Totale	7 790	3 050	1 000	3 740	Toerusting

KREDIETEUREKORTINGSJOERNAAL **KKJ1**

Dok.	Dag	Krediteurr	Krediteurekontrole	Handelsvoorraad	Drukwerk	Diverse Bedrag	Besonder hede
		Totale	2 130	1 100	230	800	Skryf behoeftes

ALGEMENE JOERNAAL **AJ1**

Datum	Besonderhede	Fol.	Debiet	Krediett	Debiteurekontrole		Krediteurekontrole	
					Debiet	Krediet	Debiet	Krediet
31	Slegte skuld		1 245					
	JK Appleby			1 245		1 245		
	Debiteur afgeskryf as oninvorderbaar							

[30]

VRAAG 6

Amaveji Traders Het die volgende saldo's in sy boeke soos op 31 Mei 2022. Gebruik die inligting wat hier onder verskaf word om die volgende rekeninge op te stel:

6.1 Wins-en-verlies-rekening op 31 Mei 2022 (11)

6.2 Kapitaalrekening op 31 Mei 2022. Doen die sluitingsoorplasings wat die rekening beïnvloed en balanseer. (5)

6.3 Balansstaat soos op 31 Mei 2022. Voltooi slegs die aantekening soos vereis in die ANTWOORDBOEK. (14)

ALGEMENEGROOTBOEK-REKENINGE	DT/KT	SALDO
Kapitaal (1 Mei 2022)	KT	R240 600
Onttrekkings	DT	R24 800
Grond & geboue	DT	R200 000
Voertuig	DT	R180 000
Kantoortoerusting	DT	R30 300
Debiteurekontrole	DT	R5 620
Voorraad	DT	R8 290
Bankoortrekking	KT	R12 820
Kleinkas	DT	R1 000
Los kontant	DT	R2 000
Krediteurekontrole	KT	R9 800
Verkope	KT	R487 600
Koste van Verkope	DT	R191 400
Debiteurekorting	DT	R4 200
Water en elektrisiteit	DT	R9 700
Telefoon/Internet	DT	R4 320
Salarisse & lone	DT	R64 500
Huuruitgawes	DT	R18 000
Afslag ontvang	KT	R3 910
Rente op belegging	KT	R3 440
Bemarking	DT	R3 360
Petrol	DT	R10 680

VERDERE INLIGTING:

Die bruto wins vir Mei 2022 is R292 000. **[30]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

Fusion Foods verkoop droëvrugte teen 'n prystoeslag van 45%. Die onderneming gebruik die deurlopendevoorraadstelsel.

Toon die uitwerking van die volgende transaksies op die *rekeningkundige vergelyking* EN die *hulpjoernaal.* Gebruik 'n "+" vir 'n toename, 'n "-" vir 'n afname en "0" vir geen uitwerking.

Voorbeeld:

1. Skryfbehoeftes op krediet by Office.Com vir R679 gekoop, is ten volle betaal per elektroniesefondsoordrag (EFT456).

No.	Hulpjoer-naal	Algemenegrootboekrek		Bates	Eienaars-ekwiteit	Laste
		Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer			
1.	Kontant-betalingsjo ernaal	Krediteure-kontrole: Office.Com	Bank	-R679	0	-R679

7.1

FUSION FOODS

INTERNE KANTOORMEMO



No: 102

Datum: 6 Julie 2022

'n Verskaffer, Raisen Ltd, is verkeerdelik gedebiteer met 'n bedrag van R575, in plaas van Prunes Ltd. Stel die fout reg. (5)

7.2



FUSION FOODS

Kasregisterrol no: 264

Datum: 22 Julie 2022

R3 886

Dankie vir u ondersteuning. (5)

7.3 Op 12 Julie 2022 is die skoonmaker se loon per elektroniese fondsoordrag (EFT652) vir 'n bedrag van R1 990 betaal. (5)

7.4 Suga Cane CC, 'n verskaffer, het oorspronklike faktuur no. 812 gedateer 29 Julie 2022 gestuur vir droëvrugtevoorraad ten bedrae van R1 780, wat op krediet gekoop is. (5)

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou